# Die Eerste Wêreldoorlog





Belangrike woorde:
- Balkanskiereiland
- Aartshertog Franz Ferdinand
- Sentrale Moonthede
- Geallieerders
- Duikbote en loopgrawe

© My Gekiedenis Avontuur

# Die Eerste Wêreldoorlog

Jy is weer in die tydmasjien en jy sien weer die wêreldkaart voor jou, maar hierdie keer flits al die lande rooi en daar staan "oorlog" groot oor die skerm geskryf. Jy dink amper dat daar iets fout is met die tydmasjien se rekenaar, maar jy besef dat dit nie die geval is nie. Die tydmasjien probeer jou iets vertel van jou volgende avontuur.

Jy kan ongelukkig nie hierdie avontuur sien nie. Dit is 'n baie hartseer avontuur. Dit is die tyd in geskiedenis toe lande reg oor die wêreld in oorlog was met mekaar. Dit het nog nooit voorheen in die geskiedenis van die wêreld gebeur nie. Dit was die Eerste Wêreldoorlog.

Jy het nou al van so baie revolusies geleer. Almal het dinge probeer verander in 'n poging om iets beters te vind. Meer vrede, meer geluk, meer welvaart... Maar, teen die einde van die 19de eeu (d.w.s. die 1800's), was al die groot moondhede soos Duitsland, Frankryk, Engeland, Rusland en Amerika besig om reg te maak vir oorlog. Dit was net 'n kwessie van tyd.

Die besonderhede van die aanloop van die Eerste Wêreldoorlog is baie ingewikkeld en sal nie hier bespreek kan word nie. Ons sal maar net kyk watter gebeurtenis het dit aan die gang gesit en wat daarna gebeur het.

Die Eerste Wêreldoorlog het begin in 'n deel van die wêreld wat die Balkanskiereiland genoem word. 'n Aardrykskundige het hierdie naam aan hierdie deel van die wêreld gegee, omdat die Balkan-berge hier is. Daar is 'n paar klein lande wat in die Balkanskiereiland geleë is, onder andere Griekeland, Albanië, Bosnië en Herzegowina, Bulgarye, Kosovo, Montenegro en Noord-Masedonië. Gedeeltes van Roemenië, Slowenië, Turkye, Kroasië en Serwië maak ook deel uit van dié skiereiland.

Ons het nog nie baie van hierdie lande gehoor nie en van hulle is

© My Gekiedenis Avontuur

eers later gevorm.  Maar in die 1800's het van hierdie lande soos Turkye, Serwië, Griekeland en Bulgarye geveg om onafhanklikheid van Ottomaanse Ryk. Hulle was suksesvol en hulle moes die land opdeel. Ná die geveg, het Bulgarye gevoel dat hulle nie genoeg land gekry het nie en dit het Bulgarye en Serwië vyande gemaak. Bulgarye het 'n alliansie ('n ooreenkoms om saam te werk) met Oostenryk gevorm (wat op daardie tyd eintlik Oostenryk-Hongarye was).

As Bulgarye en Oostenryk-Hongarye vriende was, dan was Serwië vyande met Oostenryk-Hongarye. Daar was ander redes ook hoekom Serwië vyandiggesind teenoor Oostenryk-Hongarye was. Daarom is dit nie verbasend dat Serwië 'n plan gemaak het om Oostenryk-Hongarye aan te val nie.

Op 28 Junie 1914 het ses Serwiese tieners 'n plan gemaak. Die plan was om 'n bom in die motor van die aartshertog Franz Ferdinand van Oostenryk, die troonopvolger van Oostenryk-Hongarye, te gooi. Die een jong man het die pakkie in die kar gegooi, maar die aartshertog het dit opgetel en weer uitgegooi. Die bom het agter die kar ontplof. Die polisie het dadelik op die jeug afgestorm. Hy het probeer om gif te sluk, maar dit het nie gewerk nie en hy is gevange geneem. Een van die jong ouens, Gavrilo Princip, het weggehardloop en in 'n kafee gaan sit om 'n koffie te drink. Toe hy klaar was, het hy uitgeloop en daar sien hy die kar van die aartshertog verby hom ry. Hy het vinnig sy geweer uitgepluk en drie skote geskiet. Die aartshertog en sy vrou is getref en is oorlede.

Dit is die gebeurtenis wat die Eerste Wêreldoorlog laat begin het. Hoekom? Oostenryk-Hongarye het gesê dat die regering van Serbië betrokke was. Rusland het vir Serbië ondersteun en oorlog teen Oostenryk-Hongarye verklaar. Duitsland het nou weer vir Oostenryk-Hongarye ondersteun en oorlog teen Rusland verklaar. Skielik het Duitsland sommer oorlog teen Frankryk óók verklaar. Dit het gelyk asof Duitsland net die konflik gebruik om die Duitse Ryk te vergroot en die magtigste ryk te word. Nou was die Britse regering ook bekommerd. Hulle was mos die magtigste moondheid. So, op 4 Augustus 1914 het Groot-Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar.

Die twee groepe lande wat teen mekaar geveg het, was bekend as die Geallieerdes (Brittanje, Rusland, Frankryk, Serwië, Italië en later

© My Gekiedenis Avontuur

China, Japan en nog ‘n paar ander lande) aan die een kant; en aan die ander kant die Sentrale Moondhede (Duitsland, Oostenryk, Bulgarye en later Turkye). Onthou ook dat Engeland baie kolonies gehad het wat ook betrokke geraak het. Soldate van Australië, Kanada en Suid-Afrika was reg om te veg. Daarom is dit ’n wêreldoorlog genoem.

Niemand het gedink dat die oorlog lank sou duur nie. Maar almal het Duitsland onderskat. Duitsland het al lankal begin voorberei vir só ’n oorlog deur ’n magtige vloot te bou. Hulle het ook duikbote gemaak wat torpedo’s onder die water na ander skepe geskiet het. Die Duitsers het ook nie volgens aanvaarde oorlogreëls gespeel nie. Hulle het ’n Britse passasierskip, die Lusitania, getorpedeer. 1200 passasiers is oorlede. Die wêreld was geskok en hewig ontsteld.

Amerika, wat nog al die tyd nie wou betrokke raak nie, het ná hierdie gebeurtenis regop gesit, want daar was oor die honderd Amerikaners op die skip.

Intussen het die gevegtery in Europa voortgegaan. Miljoene jongmans het na die oorlogsveld gegaan. Vir die eerste keer in sy geskiedenis, het Brittanje jongmanne geforseer om oorlog toe te gaan. Duisende kilometers van loopgrawe is gemaak. Die soldate het daarin skuiling geneem en van daar af geveg ook. Dit was ’n senutergende ervaring, want niemand het geweet wanneer daar ’n bom sou val of wanneer soldate met gewere sou nader kom nie. In Frankryk het twee veldslae, die Slag van die Somme en die Slag van Verdun, tot 5 miljoen lewens geëis.

Amerika het eers tot die oorlog toegetree toe Duitsland ’n geheime boodskap aan Meksiko gestuur het om Meksiko aan te moedig om Amerika aan te val en Duitsland in die oorlog te help. Dit was ’n kriptiese boodskap, maar mense kon dit gelukkig ontsyfer het. Amerika het besef dat, sou Duitsland wen, die hele wêreld se vryheid in gevaar sou wees. Dit was op 6 April 1917 wat Amerika oorlog teen Duitsland verklaar het. Dit het die oorlog laat draai in die guns van die Geallieerdes en uiteindelik moes Bulgarye, Oostenryk-Hongarye en Duitsland oorgee. Die Eerste Wêreldoorlog het tot ’n einde gekom op 11 November 1918.

© My Gekiedenis Avontuur

Die oorlog het die lewens van 10 miljoen soldate geëis en van 10 miljoen gewone mense ook. Baie mense is gewond en ander moes met die trauma van die oorlog saamleef. 208 miljard rand is gemors en dorpe en stede was verwoes.

In Junie 1919, in die Spieëlsaal van Versailles, is die vredesverdag onderteken. Duitsland is swaar gestraf. Duitland moes die provinsie Elsas-Lotaringe aan Frankryk gee. Duitsland moes al die skuld van die oorlog aanvaar en daarvoor betaal. Al sy kolonies is weggeneem en sy vloot is ook aan Amerika en Engeland oorhandig. Daar was nog talle meer vereistes. Daar is ook talle nuwe lande in Europa gevorm.

Die Eerste Wêreldoorlog was die aakligste gebeurtenis wat die wêreld nog gesien het. Was al die idees en revolusies besig om 'n beter wêreld te skep? Nee! Geen vergoeding kon opmaak vir die hartseer, ellende en angs wat elke familie moes deurmaak nie. As dit maar net die einde was, maar ons gaan sien dat die Eerste Wêreldoorlog en die gebeurtenisse daarna sou lei tot die Tweede Wêreldoorlog, 'n oorlog wat nog meer afgryslik was, maar meer hiervan in 'n volgende avontuur.

© My Gekiedenis Avontuur

# Vrae en antwoorde

Vra die volgende vrae aan jou kind om te bevestig hoeveel hy/sy verstaan het. Dit hoef nie die presiese woorde te wees nie. Help jou kind om in volsinne te antwoord.

1. Noem drie lande wat in die Balkanskiereiland geleë is.
Griekeland, Albanië, Bosnië en Herzegowina, Bulgarye, Kosovo, Montenegro en Noord-Masedonië. Gedeeltes van Roemenië, Slowenië, Turkye, Kroasië en Serwië maak ook deel uit van dié skiereiland.

2. Watter gebeurtenis het tot die begin van die Eerste Wêreldoorlog gelei?
'n Serwiese sluipmoordenaar het die aartshertog Franz Ferdinand van Oostenryk vermoor.

3. Wat was die twee groepe lande wat teen mekaar geveg het genoem?
Dit was die Geallieerdes en Die Sentrale Moonthede wat teen mekaar geveg het.

4. Noem twee maniere waarop daar oorlog gevoer is.
Duitsland het met duikbote geveg. Daar is ook loopgrawe op die land gemaak en die soldate het vanuit die loopgrawe geskied.

5. Hoeveel mense is in die Eerste Wêreldoorlog oorlede?
Die oorlog het die lewens van 10 miljoen soldate en van 10 miljoen gewone mense ook geëis.

© My Gekiedenis Avontuur

# Die Eerste Wêreldoorlog

© My Gekiedenis Avontuur

# Beelde vir blad en tydlyn




1914 tot 1918 n.C
Die Eerste Wêreldoorlog



Loopgraafoorlog



'n Voorbeeld van die oorlog.



'n Begrafplaas vir 130 000
soldate wat dood
is in Frankryk.




1914 tot 1918 n.C
Die Eerste Wêreldoorlog

© My Gekiedenis Avontuur

# Aktiwiteit

1. Maak jou eie kriptiese boodskap

Gebruik die blad  met die alfabet. Maak vir elke letter jou eie teken of simbool. Skryf dan 'n kripties boodskap aan jou familie en hulle moet dit ontsyfer.

2. Die Balkanskiereiland

Besoek een van die lande in die Balkanskiereiland en skryf 'n poskaart oor die land aan jou ouma.

3. Loopgraafoorlog

Koop plastiese soldate. Gaan dan in jou tuin en maak loopgrawe vir die soldate. Hou dan 'n loopgraafoorlog.

4. Dankbaarheid

As 'n mens oor die verwoesting lees wat die Eerste Wêreldoorlog gesaai het, besef 'n mens dat daar baie is om voor dankbaar te wees. Gebruik die blad en vul die dankbaarheidshouer in met dinge waaroor jy dankbaar is.

© My Gekiedenis Avontuur

# Kriptiese Boodskap

a b c d e

f g h i j k

l m n o p

q r s t u v

w x y z

© My Gekiedenis Avontuur

# Poskaart

Naam en Adres

© My Gekiedenis Avontuur

# Kaart




Kleur die grys lande rooi in. Dit is die Sentrale Moonthede.

Kleur Brittanje, Rusland en Frankryk blou in. Dit was die hoof lande van die Geallieerdes.